

# Penkop en Drawwertjies woon gebiedskamp by

Die Voortrekkers het hulle jaarlikse GGN (Gebieds Goedgekeurde Naweek) gehou te Vegkop gedurende die afgelope naweek.

Die volgende kommando's het die naweek bygewoon. Vaalpark, Sasolburg, Reitz, Senekal, Ficksburg en Voor die Berg van Pretoria.

Spesialisasie is ook die naweek gedoen naamlik: Junior kok, Junior noodhulp en

Parraatheid, Handewerk, Veldkook, Anglo-Boereoorlog, Afrikanerkind, Godsdiens en Boeresport.

166 kinders het die naweek bygewoon en die offisiere het die getal volgemaak tot by 177. Die naweek was 'n reuse sukses. Die kinders het dit baie geniet en hulself trommeldik geëet. Die verrigtinge is afgesluit met 'n kerkdien wat deur Chris Prinsloo behartig is. *Foto erkenning: Dawie Fourie*



## Buffalo Valley Spur open sy deure

Die lang wag is uiteindelik verby. Die Buffalo Valley Spur maak amptelik sy deur oop op 27 Februarie 2018 by winkel nommer 1 in Wentworth Square. Heilbronnse se eerste ontbyt kan geniet word vanaf 07:00 Dinsdagoggend. Die hoofingang is aan die weste kant van die "mall". Kelners en kokke het reeds hul drie weke opleiding ontvang en so ook die bestuurders. Spurvoete gaan ook somer weer sorg vir meer voete vir die ander winkels in die sentrum. Buffalo Valley Spur se besigheidsure sal soos volg wees: Maandae tot Sondag, 07:00 tot 21:00. Gaan besoek gerus die spinternuwe Spur - A taste for life.

## Briewe aan:

*Redakteur*

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Gun my dit weer asseblief om weereens my herinneringe met julle te deel. Baie van ons het opgegroeï in 'n era waar "Kinders gesien en nie gehoor moes word nie". As ek terugdink aan daardie tye in my lewe ook, was dit tog nie so erg in ons huis nie, behalwe as daar die dag kuiergaste opgedaag het, dan moes ons ordentlik die ooms en tannies gaan groot, en dan moet jy skoert! Soms, soos kinders maar is, het ons partymaal ons half vergaap aan party van die omies en tannies (nie goeie maniere) dan het my pa gou gesê: "Tel julle die ooms se tande?" dan het ons "laat waai!" As ek so terugdink het dit nie vir my en my jongste sus baie gepla nie, want ons twee kon nooit genoeg kry van speel nie. Ousus toe in 'n koshuis. Sy was nogal baie afknouereg, daarom het ons nie so lekker saamgespeel nie. Ek onthou eendag het sy my geruk en gepluk (kan nie onthou om watter rede nie, en ek, baie verontwaardig sê "Jy's 'n regte bielie!" in plaas van jy's 'n regte boelie! Die gespot daarna was byna sonder end, soos sy dit geniet het. Sy't darem later haar afknouery ontgroei en ons was goeie pëlle.

Vandag 'n diep gelowige kind van die Here. Wyle ds. Badenhorst, vroeër leraar van PS NGK het eendag vertel juis oor daardie dae, in 'n era waarin ons groot geword het, dat hy 'n hoedjie gehad het wat jy maar kan sê deel van sy lewe was. Dié dag kom daar toe ook kuiergaste, en hulle moes ook beleefd en ordentlik kom groot en dan "padgee". Ongelukkig vir hom, vergeet hy van sy hoedjie op sy kop, en toe hy só met die ry af groet, kom hy by sy pa verby, en dié was klaar en hy klap daardie hoedjie dat hy daar trek. Dit was dan in sy pa se oë disrespek teenoor die ooms en tannies!

Ai tog, wat 'n vernedering sou ek sê. Dit was darem nie moo van sy pa nie, hy kon mos net suutjies in sy oor gefluister, het om die hoedjie af te haal. Ek dank die Here vir gelowige ouers wat ek gehad het.

NS. 'n Klein regstelling, was 'n drukkers-foutjie, met die stukkie van my: "Maak tyd", vir dié wat moeg, en mat is, en nie "Maak tyd vir die wat moet en mat is nie.

# HERALD GRAPHICS

- Ontwerp en uitleg / Grafika • Jaarblaaie • Prospektusse • Strooibiljette, brosjures & plakate
- Kommersiële drukwerk (Soos bv. Faktuurboeke, kwitansieboeke, visitekaartjies, ens.)
- Skoolkoerante • Troukaartjies • Begrafnisbriewe • Alle skryfbehoeftes
- Laminering • Stuur & ontvang van e-posse en fakse • Fotostate • Kantoortoerusting
- Druk op "Canvas" • Druk op "PVC" Baniere • Korporatiewe promosionele bemerkings items
- Druk magneet (Soos bv. advertensies op alle voertuie) • Druk plakkers • Advertensies op motorvoertuie • Druk van winkel- en plaasnaamborde • Druk op T-hemde en materiaal.
- Stempels • En vele meer ...

*Opgeleide Grafiese Ontwerpers*

Herald



## 3<sup>de</sup> Aanteelveiling

Dinsdag, 27 Februarie 2018  
om 11:00 plaas Naaupoort, Frankfort

### Aanbod: 650 Simbras

- 50 x Oop verse, reg vir bul
- 100 x Dragtige verse
- 100 x Dragtige koeie
- 50 Koeie + 50 Kalwers (3-in-1)
- 150 Koeie + 150 kalwers (moontlik 3-in-1)
- Alle diere dragtig van Bonsmara bulle
- BM & TB skoon

Navrae: Corjan de Jager 079 506 8777  
PJ Muller 060 966 9340

S 27°16.756' E 28°43.968'

Roete: Vanaf Frankfort: Ry op die Vredepad (R34) vir 24km. Draai links op die S55 grondpad. Ry vir 3.8km. Draai regs by plaas in. Vanaf N3 (Johannesburg/Harrismith): Neem Frankfort afrit en ry vir 4.5km. Draai regs op die S55 grondpad. Ry vir 3.8km. Draai regs by plaas in.

Voorwaardes: Vleissentraal se standaard veilingvoorwaardes geld. Kontant of bankgewaarborgde tjeks. Internetfasiliteite vir betalings op veiling beskikbaar. BTW is betaalbaar. FICA: Bewys van woonadres, BTW sertifikaat & ID.(Verbruikersbeskermingswet - 68 van 2008). Afslaan & Verkoper behou die reg voor om items voor of tydens die veiling te onttrek of by te voeg.

NOTA:

Alle diere is geënt met RB 51, sponssiekte, miltsekte, lamsiekte, 3-dae stywiesiekte en knopviesiekte. Dragtigheidsstatus en katalogus-inligting sal dag van veiling beskikbaar wees.



*Van die beste boerbeeste in die land beskikbaar*

Frankfort

VLEISSENTRAAL BETHLEHEM  
058 303 5226  
www.vleissentraal.co.za

